

Andries Treurnicht, Lapa Munnik, Wilma Stockenström, Olga Kirsch, Marlise Joubert

DIE WINTER het hard geslaan in hierdie afgelope dae. Gure wind- en reënstorms by ons kuste langs, en op die Hoëveld 'n triestige koue, aangebring deur 'n geniepsige windjie. Het dit dalk bygedra om 'n mens soveel mismoediger te laat voel oor die kleinpolitieke aanslae op ons uitvoerende kunste en ons algemene menslike omgang met mekaar?

Maar wat die here **Treurnicht** en **Munnik** ook al bedryf, Afrikaans se skrywers skryf.

Kyk maar net hier: In die Kaap vertel uitgewer **Koos Human** aan kollega Jan Breytenbach dat hy met vol hande teruggekom het van Broederstroom. Hy het met hom saamgebring **Etienne Leroux** se nuwe roman, Magersfontein, o Magersfontein, en ook 'n nuwe digbundel van daardie vegter-digteres **Wilma Stockenström**, met die titel Van Vergetelheid en van Glans.

Verder nog: pas van die pers, 'n eersteling-roman van mej. Stockenström — Uitdraai, in 'n ryk bruin omslag by **Human & Rousseau**. Dit saam met, dieselfde uitgewer, **29** nuwe verse van **Olga Kirsch** onder die titel Geil Gebied.

Só lees een van Olga Kirsch se verse:

*Maak liefde sterk of swak?*
*Ek kry die dae van ons skeiding om*
*omdat daar straks 'n einde aan hul*
*moet kom.*
*Was dit nie so nie, sou ek knak*
*en afbreek soos 'n droë tak*
*waarin geen sap meer vloei?*
*Of sou ek buig en geboë verder groei?*

Op die stofomslag van Wilma Stockenströmse roman verskyn hierdie uittreksel:

**„Maar hierdie bos wat sy nou vol verwondering en so 'n titseltjie vrees betree, is 'n versorgde bos, of was dit vroeër. Daar is tekens dat groot, ou bome afgekap is. Sonder dat sy weet hoedat 'n bos in toom gehou word, kan sy duidelik sien dat mensehande hier doenig was ter wille van die behoud en die groei van die bome, en nie doenig was om te bemors nie. Dis 'n ruim bos. Hoe dieper sy die bos binnedring, des te hoër en lommerryker staan die langbiaarbloekom. En des te stiller word dit. Tog ook nie. Die wind klink hier maar net anders as op die oop veld. Hy klink nabyer, intiemer. Waar sy haar nou bevind, kan sy net naasteby raai, maar sy vermoed dat sy na alle kante deeglik afgesluit is. Sy wil deurstap en kyk wat anderkant die bos lê. Waar sal sy dan uitkom?"**